

Die Bybelse opdrag om die Here te loof en aanbid.

Om die enigste ware God te loof en aanbid is 'n hoë, inspirerende roeping. Dit is 'n voorreg en elkeen wat deur die genade van God deur Jesus gered is, **wil niks anders doen nie, as om aan Hom die vrug van ons lippe te bring - ons gebede en ons liedere**, as heilige offers aan 'n heilige God wat ons liefde, ons toewyding en ons passie waardig is.

God het gesê ons moet dit doen. Dit is die Here wat begeer dat sy mense Hom sal loof en prys. Lof en aanbidding maak van ons gehoorsame volgelinge van Christus. .

God is waardig om aanbid te word. Hy verdien ons lof en danksegging. Openbaring 4:11 sê, *“Here, ons God, U is waardig om die heerlijkheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep.”* en Openbaring 5:11, *“Die Lam wat geslag was, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlijkheid en lof te ontvang.”*

As ons God aanbid en prys is ons fokus nie op onself nie, maar op die Here. Ons word bewus van sy teenwoordigheid en ervaar sy heerlijkheid en grootheid, sy majesteit en sy krag.

Lof en aanbidding bring ons in die teenwoordigheid van 'n heilige God en ons hoor sy boodskap en ontvang die opdrag van wat Hy van ons verwag.

Aanbidding en lof verander ons. Dit verander ons houdings en ons manier van dink. Dit neem elke siniese gedagte weg en gee ons hoop. Dit maak van ons mense van die Geloof. Dit maak ons mense wat deur geloof die genade, die krag en die liefde van God kom vier.

Kom ons hou dit ons hoogste prioriteit, elke Sondag.